Voortrekkersweg 1050
Wonderboom-Suid
Pretoria 0084
Tel: (012) 335-6806
Fax: (012) 335-6587
Web: www.wonnies.co.za
E-pos: hswb@wonnies.co.za

21 Augustus 2020

ALGEMENE NUUSBRIEF

Dit is met groot opgewondenheid wat al die Wonnies nou terug is by die skool. Ten einde almal terug te kon verwelkom, was daar egter groot uitgawes wat die skool moes aangaan. Elkeen van hierdie uitgawes is juis gemaak om die Wonnies en personeel veilig te probeer hou, sowel as om sinvolle en effektiewe onderrig te kan laat plaasvind. Graag wil ons daarom vir u as ouer 'n uiteensetting gee van 'n gedeelte van die uitgawes wat die skool moes aangaan.

1. UITGAWES T.O.V. VEILIGHEID VAN LEERDERS

Daagliks moet elke leerder se hande gesaniteer word, wanneer die leerder die skool betree. Leerders in graad 10-12 wat klasse wissel se hande, sowel as die klasoppervlaktes word na elke periode gesaniteer, terwyl Graad 8- en 9-leerders voor en na pouses, sowel as met wisseling vir sekere vakke, gesaniteer word. Dit huidige uitgawes rakende saniteermiddels, oppervlakreinigers, seep, toerusting ens. is ongeveer R60 000.

2. UITGAWES: TEGNOLOGIE EN INFRASTRUKTUUR TEN EINDE SINVOL KLAS TE KAN GEE

Sedert die grendeltyd amptelik aangekondig is, moes groot tegnologiese ontwikkeling plaasvind, ten einde klasse aanvanklik op Google Classroom en later in die skool self te kon aanbied. Dit het ingesluit die opgradering van rekenaars, aankoop van nuwe rekenaars, aankoop van sagteware en hardeware, sowel as die installasie van projektors in al die Graad 8- en 9-klasse. Die totale uitgawes in dié verband beloop ongeveer R50 663.00

3. UITGAWES: INFRASTRUKTUUR

Die infrastruktuur van die skool, word ook konstant instand gehou en die volgende projekte en take is gedurende die jaar voltooi of in proses:

1. Die tennishuis se fassiebord wat afgeval het, is vervang.
2. Die muur tussen die tennisbane is oorgeverf.
3. Die boom wat op die B-veld gegroei het, is uitgehaal.
4. Lekke by Wonderboomsaal en Mediasentrum se dakke is herstel.
5. Die geute en afvoerpype by die Flambojantgebou is herstel.
6. Rubbermatte is op die staaltrappe voor O56A geplak om beserings te voorkom.
7. Die Wonderboomsaal en garages se dakke is geverf.
8. Veiligheidshekke is in lokale aangebring.
9. Die skoolgeboue se blou kleur word groen geverf ten einde meer ons skoolkleur voor te stel. Vensterrame en diefwering word grys geverf.
10. Saniteringstaanders vir klasse is gemaak.
11. Tussen-afskortings vir die rekenaarlokaal is gemaak en opgesit.
12. Gesigskerms is opgesit by lokale met personeel wat ko- morbiditeite het, sowel as skerms in al die graad 8- en 9-klasse waar leerders staties is.
13. Die beams in die skool is weer herstel.

4. MAANDELIKSE UITGAWES

Uitgesluit die bostaande uitgawes wat die skool moes hanteer, is daar steeds maandelikse uitgawes wat betaalbaar is. Dit sluit in aspekte soos sekuriteit, afrolmasjiene, salarisse, voertuiglisensies, die munisipale rekening, verbruikbare voorraad, herstelwerk ens. Dit noodsaak die skool om genoegsame maandelikse inkomste te kry ten einde hierdie uitgawes te dek. Die inkomstes uit skoolgeld tot op hede is egter soos volg:

Januarie: 96%
Februarie: 67%
Maart: 42%
April: 37%
Mei: 34%
Junie: 39%
Julie: 37%

Ons doen dus 'n beroep op alle ouers om u skoolgeldverpligtinge na te kom. Baie dankie dat ons ook u ondersteuning in die verband kan vra.

5. NUWE GOOGLE CLASSROOM-KODES

Daar is steeds verskeie leerders wat nie met hul nuwe intekenkodes op die Google Classroom is nie. Graag gee ons weer aan u die stappe om dié verskuiwing te doen:

Stap 1: Op die Google Classroom, beweeg na "Menu", links bo op die skerm. Vir die Apple-fone is dit 'n ronde tekentjie regs bo, waarna dit jou reeds na stap 3 sal neem.
Stap 2: Kliek op die af-pyltjie langs die e-pos adres om die "Menu" oop te maak.
Stap 3: Kliek op "Add another account".
Stap 4: Sleutel die nuwe @wonnies.co.za adres, wat jy by die skool ontvang het, in.
Stap 5: Kliek op "next" en sleutel die wagwoord wat jy ontvang het in.
Stap 6: Kliek weer op "next".
Stap 7: Skep nou 'n eie unieke wagwoord wat in die toekoms gebruik gaan word.

6. FOTO-BESTELLINGS

Foto-bestelling vir die 2020 foto's kan reeds nou tot en met 30 September geplaas word. Vorms kan by die kantoor ingehandig word of bestellings kan per e-pos gestuur word na liesl.m@gmail.com. Vir enige navrae, kontak gerus me. Gericke (F1).

7. LEERDER-VOORKOMS

Baie dankie aan elke leerder wie se voorkoms daagliks korrek is. Leerders is toegelaat om tot die einde van Augustus sweetpakke te dra. Korrekte skooldrag sal egter vanaf September weer verpligtend wees. Voorkomskontrole sal dan ook plaasvind.

Wonnie-groete

M LEZAR
SKOOLHOOF